



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
AFDELING A: Opstel (50 punte)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50 punte)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

Skryf die vraagnommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **Groot mond ... groot moeilikheid!** [50]

1.2 **Blink Stefaans** [50]

1.3 **Jý skryf die lied van jou lewe.** [50]

1.4 **Ouers langs die sportveld – vreugde of fout?** [50]

1.5 **“Die aand in Dorpstraat
het jy vir my gesê
daar is soveel meer wat jy uit die lewe wil hê
en die aand by Koeëlbaai
het jy vir my vertel
die lewe hier is soms, soms erger as die hel ...”**

[Lirieke uit: *Liefde uit Stellenbosch* – P. Rademeyer] [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: blog.allstate.com] [50]

1.6.2

[Bron: www.dreamstime.com]

[50]

1.6.3

[Bron: www.bbc.co.uk/learningenglish]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou vriend/vriendin is baie modebewus en het hierdie jaar besluit om 'n baie ongewone uitrusting na die matriekafskeid te dra.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan hom/haar waarin jy hom/haar ooreed om van hierdie besluit af te sien en wys hom/haar op die moontlike negatiewe gevolge van só 'n besluit.

[25]**2.2 KOERANTBERIG**

Jong vrou van Oos-Kaap blink uit ondanks siekte

Skryf 'n KOERANTBERIG met die bogenoemde opskrif oor 'n jong vrou van die Oos-Kaap wat ten spyte van haar siekte presteer het.

[25]**2.3 HULDEBLYK**

'n Baie goeie vriend/vriendin van jou is onverwags oorlede in 'n fratsongeluk.

Die familie is bewus van die besondere verhouding wat jy en die oorledene gehad het en vra jou om tydens die roudiens 'n huldeblyk te lewer.

Skryf die HULDEBLYK.

[25]**2.4 FORMELE BRIEF: BRIEF AAN DIE PERS**

Na die 2018-feeisseisoen is skokkende syfers bekendgemaak van hoeveel mense op Suid-Afrikaanse paaie gesterf het. Jy is baie bekommerd hieroor.

Rig 'n brief aan die redakteur van *Die Burger* waarin jy jou standpunt oor hierdie kwessie lug.

[25]**2.5 ONDERHOUD**

Jy kry die kans om 'n onderhoud met 'n bekende televisiepersoonlikheid te voer. Die persoon het 'n besondere indruk op jou gemaak en jy is baie opgewonde om met hom/haar te praat. Skryf die ONDERHOUD.

[25]

2.6 RESENSIE

Jy het onlangs na een van die nuutste plaaslike fliks gaan kyk. Jy was aangenaam deur die gehalte van hierdie flied verras.

Skryf 'n RESENSIE oor hierdie flied vir die skoolkoerant.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

GROOTTOTAAL: 100